Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

ds. PJ Kriel 03.04.2106

Inhoud. Die Here is sy kerk, Hy het nie 'n kerk nie. Die onderskeid wat die Here maak tussen hulle met wie Hy een is en wie nie, is die eenheid met Hom as mens in die hemel. Met sy Kerk is die Here een in alles wat Hy met hulle laat gebeur.

Skriflesing: Matteus 25: 31 – 46; Efe. 1: 7-14; 2: 14-18; 4: 3-6.

Teks: 25: 40 En die koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

Tema: Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

1.Die onderskeid tussen Christene en nie-Christene!

Dit is wat die Here hier in Matteus met sy vertelling oor die eindoordeel aan die orde stel.

Die eindoordeel is die finale onderskeid van die Here tussen Christene en hulle wat God nie geag het nie. Seker die ingrypendste van hierdie vertelling van die Here, is dat Hy die Een is wat as Seun van die mens die Here van die eindoordeel sal wees.

Die eindoordeel van die Here as die Messias maak die onderskeid tussen wie Hy Here was en vir wie Hy nie Here was nie. Dit mag ons nie verby gaan nie. Dit gaan nie in hierdie vertelling van die Here oor hoe Christene hulle moet afskei en onderskei van ongelowiges nie. Dit gaan oor hoe die Here Jesus as Messias die onderskeid gaan maak oor wie deel is van sy koninkryk en wie nie deel is van sy koninkryk nie.

Hierdie onderskeiding is egter nie nie net iets wat met die eindoordeel plaasvind nie. Dit is reeds nou elke dag besig om te gebeur.

In die manier waarop die Here die gelowiges vandag regeer is hierdie onderskeid al reeds elke dag besig om plaas te vind. Die Here onderskei elke dag mense wat in Hom glo en dien van hulle wat nie in Hom glo en Hom nie dien nie.

Dit gebeur in die wyse waarop die Here-hulle mekaar as gelowiges onderling versorg.

Daarom is die eindoordeel van die Here met sy wederkoms net die bekragtiging van hierdie onderskeid wat nou reeds besig is om Christene en nie – Christene te onderskei.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

2. Wat is die verrassing in die finale onderskeid wat die Here gaan maak in sy eindoordeel wat soveel verbasing sal uitlok?

- Die verrassing gaan nie oor die betekenis en waarde van welsynswerk en vrywillige gemeenskapsdiens nie.

  In die Here se vertelling is dit nie punt van belang nie: sou jy welsynswerk en vrywillige gemeenskapsdiens gedoen het, maak nie saak hoe min dit was nie, dan sal God jou van jou sonde red!

  Welsynswerk is hoegenaamd nie die onderskeidende punt waaroor dit gaan nie. Daar is ander Skrifgedeeltes wat vir gelowiges wys hoe hulle alle mense in nood bystaan, soos die barmhartige Samaritaan.

- Die verrassing van die eindoordeel gaan ook nie eerstens oor welwillendheid en vriendelikheid teenoor Christene nie.

  Hierdie vertelling wil glad nie wys dat sou jy welwillend en vriendelik teenoor ’n Christen gewees het nie, dan sal God jou dan die Ewige Lee gee, al wou jy dit nie ooit regtig gehad nie.

- Nog minder wil die Here met hierdie vertelling ’n ander manier wys waarop ’n mens die Ewige lewe kan beërwe as net deur geloof in Hom as Christus nie. Hierdie vertelling wys ons nie hoe ons gered word nie. Dit kry ons ook in al die Skrifgedeeltes wat spesifiek gaan oor hoe ons gered word.

3. Die verrassing in die vertelling gaan oor wie is Jesus Christus as Here!

Jesus Christus as Here ís sy kerk!

Christus is nie ’n geestelike leier wat ’n groepie volgelinge het nie.
Christus is nie ’n leermeester van ’n skool van dissipels het nie
Christus is nie ’n groot organiseerder wat ’n groot instelling, die kerk as wêreldwye organisasie geskep het nie.

Dit is die geheimenis, die diepte en die kragtige werking van wie Jesus Christus in sy eenheid as Here met sy kinders is. Die geheimenis van Christus is dat Here se identiteit met die kerk as sy liggaam.

Hy is sy Kerk. Hy en sy liggaam, sy kerk, is identies.

Daarom sê die Here:

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

- "Ek was honger!"
- "Ek was dors!"
- "Ek was ʼn vreemdeling!"
- "Ek was sonder klere!"
- "Ek was in die tronk!"
- "Ek was siek!"

Die verbasing hieroor word verwoord in die vrae: wanneer het ons dit ooit aan U gedoen? Die verbasing gaan oor wie Hy as Here is!

4. Dit is wie Jesus Christus vandag nog steeds op aarde is. Hy is sy kerk!

Kom ons vergelyk dit met ʼn ander eenheid. Die eenheid tussen ouer en kind.

ʼn Mens het nie kinders soos jy ʼn hond, ʼn huis, ʼn kar of nooit meubels het nie. Hulle is nie jou besittings nie. In die verbintenis ouer en kind, is jy jou kinders. Jy is die ouer in hulle en hulle is die kind in jou.

Daarom werk dit so dat binne hierdie eenheid is alles wat met jou kinders gebeur, dit wat met jou ook gebeur. Wanneer hulle siek is, voel jy en is jyself eintlik ook siek; Wanneer hulle swaarkry is hulle swaarkry jou eie swaarkry as ouer; Wanneer hulle gebrek jy, is hulle lyding jou eie lyding. Alhoewel jy nie hulle siektes en swaarkry het nie, is hulle sin jou eie.

Dit is wie jy is as ouer vir en met jou kinders is! Jy is as ouer wie jou kind is en wat met hom gebeur. In die eenheid ouer en kind deel julle een identiteit: ouer en kind, in jou is ek ouer en in my is jy kind.

Hierdie eenheid gebeur nooit tussen grootmense en kinders wie nie ouer en kind van en vir mekaar is nie. Daar gebeur ook baie tussen grootmense en kinders, maar hierdie eenheid ouer en kind is die unieke verbintenis waarin ouer en kind een is en alles met mekaar in een identiteit deel.

Hulle as kinders is jou identiteit as ouer en jy as ouer is hulle identiteit as kinders.

5. Soveel meer is dit ook waar van die eenheid tussen Jesus Christus as Here, die hoof van sy liggaam, en die mense wat lede van sy liggaam is.

Hoe is Jesus Christus die Hoof van sy Kerk?

Hierdie eenheid tussen Christus en sy Kerk openbaar die Here nou met hierdie vertelling. Hierdie vertelling wys hoe hierdie eenheid werk. Dit is die oorbluffende, die verstommende in hierdie openbaring van wie die Here is in sy vertelling van die eindoordeel.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

- Sy kerk is honger en dit is wie Jesus Christus is, Hy as Hoof is die honger lede van sy liggaam.
- Sy kerk is dors en dit is wie Jesus Christus is, Hy as Hoof is sy ledemate se dors.
- Sy kerk is vlugtelinge, mense wat uit eie lande, volke, nasies en taalgemeenskappe moet vlug en in die vreemde heenkome soek – in sy ledemate is Christus self ’n vreemdeling op aarde.
- Sy kerk is sonder klere, so verarm dat hulle nie goed geklee is nie en dit is wie Jesus Christus as Hoof van sy ledemate is, skamel geklee.
- Die finale en deurslaggewende is sy kerk is in die tronk. Nie noodwendig as martelare of morele helde nie, maar ook as kriminele en mense wat misdade gepleeg het. In sy eenheid met hierdie lidmate is die Here as Hoof van sy liggaam, self gevangene in die tronk.

Vergelyk dit weer met ons voorbeeld: wie is jy as ouer as jou kind honger, dors, ’n vlugteling en ’n misdadiger in die tronk is? Jy is in jou eenheid as ouer dit saam met jou kind. Dit wat met hom gebeur, gebeur ook met julle as ouers binne in julself.

6. Waardeur onderskei die Here sy kinders van hulle wat nie sy kinders is nie?

Die onderskeidende, die skeidende en afskeidende van wie Jesus Christus as Here saam met sy kinders as sy ledemate is, is hulle eenheid met Hom as Here.

Hoe hierdie eenheid werk sien ons in Matteus 25. Wat hierdie eenheid is, sien ons in Efesiërs. Die hoofsaak in die brief van Paulus aan die Efesiërs is hierdie eenheid tussen Christus en sy kerk.

Dit gaan oor die eenheid met Jesus as mens in die hemel en hulle wat as mense in sy menswees ingesluit word. Sy eenheid as mens in die hemel met die mense wat Hy in sy menswees in die hemel laat deel.

Hierdie eenheid tussen wie Jesus vandag nog werklik steeds as mens is en ons as mense, is die eenheid wat ons met die Here een identiteit gee: in Hom is ons kinders van God en in ons is Hy Here van sy kerk.

Daarom stel Paulus in Efesiërs 2:15 “sodat Hy, deur vrede te maak, die twee groepe tot een nuwe mens kon skep.” (Nuwe direkte vertaling) Die Grieks sê een nuwe mens! Die Kerk is in sy eenheid met Christus as mens in die hemel, een nuwe mens. Hierdie eenheid is nooit ’n eenheid met die godheid van die Here nie.

Daarom word die eenheid tussen Christus en ons ook genoem die eenheid van Hoof en liggaam. Die beskrywing van hierdie eenheid as Hoof en liggaam, dui nooit daarop dat die Here die koöperatiewe hoof van die Kerk is nie.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

Dit is dieselfde met die eenheid ouer en kind! ’n Pa en ma is nie die koöperatiewe hoofde van die kinders nie. Hulle is nie aangestel as hoofde nie. Hulle het hulle self ouers gemaak deur kinders te verwek. Hulle is ouers deur dat hulle die oorsprong van hul kinders is.

Dit is die betekenis van die Here se menswees in die hemel. Sy menswees is die oorsprong en inhoud van wie ons as kinders van die Here is. In hierdie eenheid met Hom in sy menswees maak Hy ons wie ons is en laat Hy ons wees wie ons is.

In die eenheid in sy menswees met ons deel ons alles wat Hy in ons plek vir ons gedoen het. Hy maak ons deel van wie Hy in en deur sy veroordeling, kruising, sterwe en opstanding as mens is.

Sy identiteit as Here is dat Hy mens is in ons plek, aan die kruis, in die graf en vandag in die hemel.

Sy identiteit as Here is dat Hy die onheilige en onregverdige mens is omdat Hy alles wat ons is met ons deel.

Sy identiteit Hy sy heiligheid en geregtigheid as mens in ons is en ons dit met Hom is, omdat Hy dit met ons deel.

In en deur sy menswees is God een Here, Een Gees en een Vader, oor almal, deur almal en in almal. Efesiërs 4:3

In hierdie eenheid met Hom in sy menswees het Hy ons voorbestem om sy kinders te wees; ons aangeneem as sy kinders; bevry Hy ons van ons sondeskuld en vergewe ons; het Hy ons as sy kinders uitverkies en is Hy self die waarborg van alles wat Hy ons vir en met hom sal laat wees. Efesiërs 1: 3-14.

Dit is die diepte van die eenheid van Jesus Christus met sy Kerk.

In en deur sy Kerk is Hy die Here en in en deur Hom is hulle kinders van God. Daarom is die Here in wie Hy as Here en ons as sy kinders laat wees, is die eenheid van sy Kerk.

Net soos wat ’n man se vaderskap en ’n vrou se moederskap die eenheid van die gesin is.

8. Ons mag nooit die manier waarop hierdie eenheid werk verwar met wat die eenheid is nie. Die werking is nie die eenheid nie. Die manier waarop die eenheid werk wys jou net die karakter van hierdie eenheid.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

- Christus se eenheid met sy Kerk en hulle identiteit in mekaar as Hoof en liggaam, lê nie in honger en dorstigheid nie. Mense wat honger en dors is, is nie die kerk van die Here omdat hulle honger het en nie water het nie.

  Sy liggaam is nie honger en dorstige mense nie. Sy liggaam is hulle wat Hy voorbestem en uitverkies het om sy kinders te wees

- Christus se eenheid met sy Kerk en hulle eenheid met Hom as lede van sy liggaam, lê nie in siekte nie. Mense wat siek word, word nie die Here se kinders omdat hulle siek word en hulle is nie sy kinders omdat hulle siek is nie.

  Sy liggaam as Hoof is hulle wat een is met Hom is sy menswees in die hemel en sy lyding, kruisiging, sterwe opstanding en lewe as mens in hulle plek, met hom deel.

- Christus se eenheid met sy lede lê nie in hulle naaktheid en kriminaliteit nie. Mense word nie sy kinders deur misdaad te pleeg nie en mense leef nie as sy kinders omdat hulle onbehoorlik geklee is nie.

  Sy liggaam is nie misdadigers en boemelaars nie.

  Sy liggaam is hulle wat Hy in sy heiligheid, smetloosheid en onberispelikheid as mens in die hemel insluit en hul onheiligheid, smetterigheid en berispelikheid met hulle deel.

- Christus se eenheid met sy liggaam lê nie in hulle vreemdelingskap van die wêreld nie. Mens word nie ŉ kind van God deur jou eie volk, nasie, gemeenskap en taal af te lê nie.

  Sy liggaam as Hoof van sy kerk is nie die vlugtelinge in die plakkerskampe van hierdie stryd en oorloggeteisterde wêreld nie.

  Sy liggaam met wie Hy een is en alles deel wat met hulle gebeur, is hulle wat Hy van die mag van sonde bevry het deur hulle sonde te vergewe.

9. Kan u die verskil raaksien tussen hulle met wie die Here en in wie die Here alles saam met hulle as hulle Hoof is en hulle met wie Hy nie so een en saam is nie?

Kom ons vergelyk dit weer met os voorbeeld!

Ek as ouer is my kind se siekte, al is ek nie self siek nie, alles wat met hom as kind gebeur, gebeur met my as ouer in hierdie eenheid ouer en kind.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

Maar dit wat met my kind gebeur, aak hom nie my kind nie. Hy is my kind! Dit is nie hulle honger, siekte, naaktheid, boemelaarskap of kriminaliteit wat hulle my kinders maak nie.

Daar is baie sulke kinders oor die wêreld vir wie ek jammer is, maar hulle is nie my kinders nie. Ek het hulle nie verwek nie. Ek is nie in hulle pa of ma en hulle in my kind nie. Hierdie eenheid bestaan nie tussen ons nie. Al het ek hulle baie jammer en kan ek hulle baie keer ook help.

Medelye met ’n kind in nood maak jou nie daardie kind se pa of ma nie.

10.Net so!

God se versorging van alle sorgbehoewendes in die wêreld in sy voorsienigheid wat dit oor goeies en slegtes laat reën, maak hulle nie sy kinders nie nie. Christus maak nie sondaars lede van sy liggaam as Hoof, deel van sy kerk, met reën nie.

Die verrassende in die eindoordeel wat die Here se eenheid met sy lede finaal openbaar, gaan oor die totaal onbelangrikheid van die geringheid of die belangrikheid van sy kinders in die openbare gemeenskap.

Daarom is die woord “geringes” die versamelbegrip vir al die voorbeelde van magteloosheid wat die Here nie: honger, dors, skamel geklee en gevangenis.

Wat jy aan een van die geringstes van die Here se kinders, volgens hulle sosiale status in hierdie wêreld gedoen het, het jy aan die Here self gedoen. Want Hy is nie meer een met sy ryk, magtige, morele sterk en selfversorgende kinders as wat Hy met sy arm, onmagtige, moreel ontwrigte en afhanklike kinders in hierdie wêreld is nie.

- Christus is nie meer een met sy ryk kinders nie! Sy Kerk is nie ’n welvaartsgemeenskap nie! Sy kinders is arm en ryk, en in elkeen is Hy met hulle een as Here.

- Christus is nie meer een met sy magtige en invloedryke kinders nie! Sy liggaam is nie ’n kragtige gemeenskap nie. Sy lede is invloedryk en die onbelangrike mense in die gemeenskap.

- Christus is nie meer een met sy morele sterk kinders nie. Sy liggaam is nie die morele rolmodelle van hierdie wêreld nie. Sy kinders is lede in parlemente en lede in die tronk.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

- Christus is nie meer een met hulle wat as volk, nasie en gemeenskap saam Christene is nie. Sy liggaam is nie die gemeenskappe van hierdie wêreld nie. Sy kinders kan hele volke wees of vreemdelinge in hulle eie gemeenskap.

11. Christus maak net een onderskeid. Hulle in wie Hy Here is en hulle in wie Hy nie Here is nie.

Wie in Hom ingesluit is en deel in wie Hy as mens in hulle plek as sondaars is, is sy in hierdie wêreld sy kinders en sal sy koninkryk erf.

In hierdie wêreld tot in ewigheid is die Here sy kinders! In hulle is Hy Here en in hom is hulle kinders van God. Hy is Hoof, Hy verwek hulle as kinders van God en laat hulle as kinders van God leef. Hulle is sy liggaam. In alles wat Hy hulle laat wees, is Hy een met hulle as Here.

Wat jy aan een sy kinders doen, maak nie saak wat sy posisie in hierdie wêreld is nie, doen jy aan die Here self!

Hy is sy liggaam! As Here, as Hoof, is Hy sy kinders, alle kinders ongeag wie en wat hulle in hierdie wêreld is.

Tussen sy kinders maak die Here geen onderskeid nie. Die onderskeid wat Hy maak is tussen hulle wie sy kinders is en hulle wie nie sy kinders is nie.

12. Die tragiese van die moderne Christelikheid vandag is dat hulle juis hierdie eenheid van die Here met sy kinders misken.

Aan die een kant verdring hulle die Here se eenheid met sy kinders met 'n nuwe eenheid met die wêreldgemeenskap wil hulle die onderskeid tussen skape en bokke wat die Here self maak nie erken nie.

Aan die anderkant maak hulle tussen die kinders van die Here 'n ander nuwe onderskeid van watter kinders van die Here vir die Here spesiaal is en watter van sy kinders minder spesiaal is.

Hierdie minagting is nie net sommer enkeles se houding nie, dit is 'n kerklike bediening.

Predikante, pastore en priesters preek hierdie vertelling op so 'n wyse dat hulle sê dat lidmate moet die Here gaan vind tussen die arm mense van die gemeenskap deur die vrywillige welsynsdiens wat hulle moet gaan doen. Hulle preek die armes waar die Here op 'n spesiale wyse teenwoordig is en jy moet met welsynshulp die Here daar gaan vind. Die armes van hierdie wêreld is die Here se verborge liggaam!

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

Predikante, pastore en priesters gebruik hierdie vertelling van die Here om mense in die vlugtelingkampe van hierdie wêreld in te stuur omdat God op 'n baie spesiale hier teenwoordig sou wees, so spesiaal dat jy in elke vlugteling iets van die Here self vind en die Here vir jou ook eendag sal sê wat jy aan enige vlugteling gedoen het as vreemdeling, het jy aan die Here gedoen.

Dan moet jy sommer ook self jou eie volksverband, jou eie nasieverband, jou eie taalverband en gemeenskap opoffer, want net ware vreemdelinge is waarlik een met die Here.

Die vreemdes van die wêreld is die Here se verborge kerk!

Predikante, priesters en pastore preek en dryf lidmate om die Here te probeer vind tussen misdadigers, want die Here is die Hoof van misdadigers! In hulle vind jy die verborge kerk van God!

Hierdie soeke na die verborge kerk van God wat eintlik net tussen armes, vreemdelinge en kriminele gevind kan word noem hulle nou die missionale bediening van die Here self.

13. Die ironie van hierdie geestelikheid is dat dit presies net die teenoorgestelde is was wat die Here met hierdie vertelling uitwys.

Die Here wys in hierdie vertelling dat Hy spesiaal een is met sy liggaam, sy kerk. Dit is hulle wat Hy in sy menswees in die hemel insluit. In Christus en sy kerk vind jy God!

Christus is een met wat sy kinders in hierdie wêreld gebeur, elke kind, ongeag sy sosiale aansien of omstandighede. Christus is nie die Here van die morele, sosiale en politieke magtiges nie.

Hy is een met sy kinders!

Die ironie van ons eie situasie is wie is vandag die magtiges en wie is die geringes?

In ons land is die armes, die vreemdelinge en die kriminele die magtiges. Dit is hulle wat die magsbasis vir die magtiges is en daarom as die spesiaal bevoorregtes hanteer word.

Dit is al rede vir hierdie nuwe geestelikheid waarin jy god in armes, vreemdelinge en kriminele moet gaan vind deur vrywillige gemeenskapsdiens. Want die predikante, pastore en priesters wil nie geringes wees nie. Hulle wil deel in die magsbasis van die tirannie van die armes en kriminele.

Christus as Here is een met en deel alles wat met sy lede, die kerk gebeur.

In hierdie visie en missie wat nou sommer God se sending in die wêreld geword het, is dit weer die kerk van die Here wat die geringes is. Wie ag 'n kind van die Here wat verantwoordelik leef? Wie ag 'n kind van God wat aanspreeklik vir diens en werk is? Wie ag 'n kind van God wat glo in Jesus Christus as die unieke spesiale kinders van God wat so een met die Here is dat alles wat met hulle as Christene gebeur met Christus elf gebeur, terwyl dit nie tussen Christus en die bokke, die wêreld se geestelikhede en godsdienste gebeur nie?

14. Daarom sal die verrassing van hierdie vertelling op die oordeelsdag dan so klink:

Julle was die hele tyd met die armes van hierdie wêreld besig, maar julle het dit nie aan die geringstes van hierdie broers en susters van my gedoen nie. Ek is een met my liggaam. Gaan weg Ek ken julle nie!

Julle was die hele tyd met die siekes van hierdie wêreld besig, maar die geringes, hulle in wie Ek die Hoof is, het julle nie geag nie. Gaan Ek ken julle nie!

Julle was die hele tyd besig met die misdadigers van hierdie wêreldgemeenskap maar My het julle nie geken nie. Gaan weg Ek ken julle nie.

Wie aan my liggaam goeddoen, doen aan My as Hoof van my liggaam goed. Ek en my liggaam is een. Ek is nie een met hierdie wêreldgemeenskap nie.

Ek skei die skape van die bokke! Ek is de Here wie een is met my liggaam en Ek gaan oor die wêreld oordeel!